

## **“Perspektiewe op publieke skool”**

deur J Koorts, H Wilders, K Ackermann & W Krüger © Junie 2012

Ek het ‘n klomp vriende wat nie van die begin af tuisonderrig soos ek gedoen het met my kinders nie, en hulle het ‘n hele klomp uitdagings ervaar met skool. Sommige van hierdie het bygedra tot hulle besluit om te tuisonderrig, maar meer as dit, het dit ook gehelp om te visualiseer wat hulle van hulle eie tuisskool wil hê. Snaaks genoeg het ek steeds ‘n klomp vriende met kinders in publieke skole, wat dieselfde uitdagings en frustrasies ervaar, maar hulle oorweeg nie eers tuisskool as ‘n opsie nie – is dit omdat hulle nie die verskil in ons en ons kinders sien nie? In hierdie artikel wil ek graag van die perspektiewe deel as herinnering dat ons nie dieselfde foute moet maak in ons tuisonderrig by die huis nie. Let egter op dat nie al die sake word gedeel deur alle mense nie, hierdie is slegs ‘n opsomming van verskillende perspektiewe. Onthou ook dat daar positiewe ervarings van skool ook is, en dit is nooit die fout van iemand spesifiek nie, maar gewoonlik die gevoel van die ‘skool stelsel’ se beperkinge soos ervaar deur sekere individue. Die doel hiervan is om te leer om nie soortgelyke foute by die huis te maak nie.

Die aspek van **kinders wat gevoelens van verwerping ervaar** is die mees algemene saak onder menige klagtes. Dit lyk of die ‘sosiale worsteling’ waarna CS Lewis verwys in sy boek *Surprised by Joy*, steeds die belangrikste ding is wat in skool gebeur. Dit gebeur op ‘n onbewustelike vlak met kinders en dit is interessant om raak te sien hoe kinders allerlei maniertjies en praatstyle aanleer wat geassosieer word met ‘in wees’ in die skool sosialisering. As ‘n kind gehelp moet word met ‘n probleem, veroorsaak dit gewoonlik nog meer spot van ander, beide maats en onderwysers. As ‘n kind gedurig aanmerkings moet hoor soos ‘maak vinnig’, ‘maak gou klaar’, ‘konsentreer’, ‘luister’ ens. kan ‘n kind die gevoel kry dat hy/sy nie goed genoeg is nie en altyd korrigerings nodig het. As die kind enige ander ‘gebrek’ het wat maak dat hy/sy nie die gewone pouse tyd speletjies kan saamspeel nie bv. bal of hardloop spele, kan dit wees dat hy/sy nog meer gevoelens ervaar van ‘n mislukking wees. Soms is hierdie ‘gebrek’ nie ernstig nie, maar steeds genoeg dat dit dinge moeilik maak om saam te speel soos as die kind bril dra, of nie dieselfde balvaardigheid het nie of dalk net die skaam een wees kan as ‘n probleem gesien word. Die sosiale worsteling tussen kinders reflekteer ook die sosiale uitsortering wat ouers ook ervaar, soos wat hulle sosialiseer langs die sportveld, skaakspel, musiekopvoerings ens.

Vrae wat ons onself moet vra – sukkel ons of ons kinders met gevoelens van verwerping, wat ons laat dink dat baie sosialisering ons meer aanvaarbaar sal maak?

Die **leemte van waardevolle verhoudings hê** is ‘n interessante saak wat genoem is. In die skool blyk dit dat dit maklik is om mense te kan ‘bevriend’ of ‘ontvriend’ binne dae sonder om eers uit te sorteer wat die probleme was. Hierdie manier help nie kinders om te leer dat verhoudings sensitief is vir vertroue wen oor tyd nie. Kinders leer dus gou om niemand regtig te vertrou nie, en verhouding bou vaardighede word ingeperk. Ja, kinders ontmoet wel ander kinders, en soms ontwikkel daar regte vriendskappe, maar soms is dat dalk eerder ‘n resultaat van tyd saam spandeer na skool en nie in die skool nie. Dit is gewoonlik gereeld vriendskappe wat ontwikkel tussen kinders waar die ouers vriende met mekaar is, waar kinders gesonde vriendskappe oor tyd ontwikkel. Een ouer het selfs genoem dat nie sy of haar kind enige ander kinders interessant genoeg gevind het om mee vriendskappe te wil ontwikkel nie, want die kinders se waardes van wat belangrik is in die lewe (aantrek, haarstyle, kêrels ens.) het nie ooreengekom met wat vir hulle belangrik is nie.

Vrae wat ons onself moet vra – het ons waardevolle verhoudings met mense wat ons kan vertrou? Groei ons in hierdie verhoudings? Watter tipe sosialisering vaardighede is waardevol om te leer in die lewe in elk geval?

**Om nie regtig jou eie kind te ken nie** was ook ‘n algemene saak wat uitgelig is. Wanneer ‘n kind meer tyd spandeer met eie ouderdom maats, onderwysers, afrigters, instruktors of ander mense, en afhangende van hoe ouers kies om die tyd wat oorbly saam met hulle kinders te spandeer – kan jy die gevoel kry dat jy nie jou kinders se talente, gawes, aanlegte, leerstyle ens. ken nie. Wanneer jy nie jou kind ken nie, hoe gaan jy hom/haar kan help in die belangrike besluite van die lewe?

Vrae wat ons onself moet vra – ken ons ons kinders goed genoeg dat ons hulle kan help rigting gee in hulle onderrig pad?

Een vriendin het gedeel hoe **sy nooit regtig geweet het wat gaan aan in die skool nie** - wat gebeur, wat leer die kind en hoe doen hy/sy akademies, sosiaal of emosioneel. Dit moet frustrerend en stresvol wees, as jy nooit regtig weet hoe is vordering nie, of erger nog, wat gebeur alles nie. Sommige het gedeel hoe werkboeke van kinders net kwartaaliks huis toe gestuur word. Om te help met huiswerk is ‘n las, want jy kan nie regtig verstaan wat van die kind verwag word om te doen, leer, weet of te oefen nie. Onderwysers is nie beskikbaar om so gereeld as wat jy wil mee te gesels nie, en wanneer daar wel geleentheid is, kan hulle nie ‘n volledige antwoord gee oor hoe dit regtig met jou kind gaan nie.

Vrae wat ons onself moet vra – weet ons wat aangaan in ons tuisskool? Of werk ons kinders so op hulle eie, dat ons nie weet wat hulle doen nie? Weet ons hoe dit regtig met ons kinders gaan?

Die *onderwysers is nie so toegewyd tot jou kind* soos jy is nie. Dit klink na 'n duidelike stelling, maar is steeds iets wat ek dink sommige ouers aanneem. Baie ouers sal heeltemal in goeie vertroue na die onderwyser se advies luister wat enigeiets aanbetref, en aanneem die onderwyser gee regtig om vir die kind en boonop dat die onderwyser die breë prentjie van die kind se situasie verstaan. Hoeveel kere is hy/sy advies regtig gebaseer op ware omgee vir die individuele kind en nie dalk 'n tipiese reaksie op tipiese probleme wat hulle ervaar en dus 'n voorstel van die tipiese oplossing sodat die kind in die stelsel kan inpas nie?

Vrae wat ons onself moet vra – is jy waarlik toegewyd tot jou kinders i.t.v. liefde, tyd en aandag? Of is daar ander prioriteite wat in die weg kom van tyd spandeer saam met jou kinders? Tuisskool ouers het soortgelyke worstelings met besigwees soos enige ander ouer. Na wie se advies luister jy?

Daar is *nie individualisering* in die skool nie. Daar is nie ruimte vir die verskille in leerstyle, persoonlikheid profiele en agtergronde in 'n klas van 30-40 kinders nie. Alhoewel dit nie iets is wat ons van onderwysers in die skool stelsel kan verwag nie, is dit 'n groot voordeel wat ons moet raaksien in die tuisskool omgewing. Ons is sosiale wesens met 'n mengsel van 'menswees' tussenin. Dit is moontlik dat die gedrags verandering metodes in 'n klas van dertig of meer kinders nie die gewenste veranderinge in gedrag teweeg bring soos gehoop het nie. Ons kan afvra – hoekom is positiewe beloning in plaas van korrigerende so groot motiveerder vir kinders? Enige mens hou daarvan om aanvaar te word in 'n groep. Daarom is gedrags veranderinge deur positiewe erkenning soveel belangriker binne die skool en word dit selde goed geïmplementeer.

Vrae wat ons onself moet vra – sien ons ons kinders as individue en pas ons dus aan by haar/sy unieke leerstyle, behoeftes en belangstellings, of gebruik ons 'n alles-dieselfde benadering tot onderrig vir almal? Is ons fokus met tuisonderrig net gedragsaanpassing of sien ons die 'engel in die marmer' raak op 'n dieper vlak?

Een ouer het gedeel hoe sy ontdek het *hoe min daar akademies gedoen word in skool in elk geval*. Sommige feite word geleer (en dan is van hierdie feite selfs verkeer), dan word die feite papegaaistyl teruggegee in 'n toets/eksamen en as jy genoeg punte gekry het dan word jy as suksesvol/goed geklassifiseer. In sommige grade word ure spandeer om net 'afgerig te word vir die eksamen', sonder dat enige nuwe leer plaasvind. Daar is nie ware intellektuele stimulasie nie, tensy die onderwyser regtig passievol en entoesiasies oor haar/sy vakgebied is. Hoe berei hierdie 'n mens voor vir die lewe of sukses in die lewe? Hoeveel werk word regtig gedoen in skool en is dit waardevol? Is die afbakening van werk iets waarmee jy sal saamstem as ouer of nie? Hoeveel is nie ingesluit wat jy graag sou wou hê jou kind moet leer nie, wat nie eers oorweeg word in skool nie? Vir jare het hierdie vriendin die skool stelsel vertrou om te weet 'wat is die beste' vir haar kind om te leer, tot sy begin raaksien het wat alles nie geleer word in skool nie. 'n Ander ouer het gedeel hoe sy die kurrikulum 'horribaal' gevind het omdat dit juis nie die belangrike dinge vir die lewe leer bv. probleem oplossing strategieë, kritiese denkvaardighede en in haar opinie mag die kurrikulum selfs allerlei onbelangrike dinge leer, en so waardevolle tyd mors.

Vrae wat ons onself moet vra – dink ons oor hoe ons sukses sal definieer in ons tuisskool, nie net akademies nie, maar ook emosioneel, geestelik en sosiaal? Het ons visie vir wat ons wil hê ons kinders moet leer? Skep ons 'n omgewing waarin ons kinders intellektueel gestimuleer word?

'n Klomp ouers het genoem dat hulle in elk geval *dubbel skool doen*, soos wat die ouers moet help met allerlei projekte, take, huiswerk en dinge in die middag en aande. Soms moet die ouers die kind konsepte leer in vakgebiede, want daar was nie tyd in die skool nie of die metode waarmee dit aangebied was het nie die gewenste resultaat gelewer nie. Soms het ouers gevoel dat skool meer 'n plek is waar werk net uitgedeel word om in ander tye te moet doen, en nie in skooltyd nie. Die frustrasie is erger gevoel waar ouers van die skool verwag het om verantwoordelikheid te neem vir hulle kinders se opvoedingtaak.

Vrae wat ons onself moet vra – gebruik ons ons tyd effektief?

Kinders leer 'n *passiewe houding van leer aan*, want dit is nooit hulle wat besluit wat hulle moet leer nie, maar die kurrikulum en die onderwysers. Alhoewel onderwysers 'n verskil kan maak aan die interessantheid van 'n vakgebied, het kinders gewoonlik nie tyd in hulle lewenstyl om te leer oor areas waarin hulle belangstel nie, en daarom word nuuskierigheid nie gestimuleer nie.

Vrae wat ons onself moet vra – laat ons toe, moedig ons aan en ondersteun ons ons kinders met genoeg tyd om oor onderwerpe te leer waarin hulle belang stel ?

As 'n kind baie buitemuurse aktiwiteite doen, kan die lewe baie besig en gejaagd raak. In 'n lewenstyl wat insluit skool (as 'n passiewe leeromgewing), 'n besige middag (waar allerlei ander aktiwiteite die kind besig hou), dan ook nog gekuier met vriende (insluitende 'kuier' op 'n virtuele elektroniese manier) - kan kinders **maklik verveeld** raak aangesien hulle selde in situasies is waar hulle hulleself produktief moet besig hou. Verveeldheid is een van die mees algemene simptome van 'n dofheid van die siel' soos wat Marilyn Howshall in haar boek Wisdom's Way of Learning stel.

Vrae wat ons onself moet vra – ontwikkel ons kinders 'n liefde vir leer ? Het hulle genoeg vrye tyd om te leer om hulleself produktief besig te hou? Sukkel ons dalk self met verveeldheid in onself ?

Een ouer het gedeel hoe sy gevoel het dat skool 'n **eksperiment van raak-of-mis is wat die uitkoms van haar kind se onderrigbehels**, en sy kon nie meer dit toelaat nie. In 'n land waar die kurrikulum al heelwat veranderinge ondergaan het, is al hoe meer ouers bekommerd of die owerhede regtig weet wat hulle doen. Wanneer jy stop en dink oor hoe assessering op skool gedoen word, besef jy dat **dit nie die regte belangrike dinge in die lewe evalueer nie** soos – kan die kind probleme oplos ? kan die kind strategies dink ? kan die kind alternatiewe maniere van probleme hanteer raaksien ? Sommige ouers het gevind dat die onderwysers nie buigbaar of bereid is om meer as een antwoord tot 'n vraag te aanvaar nie, selfs wanneer verskillende strategieë om by die antwoord uit te kom geldig is. Ontwikkel skool dus nie dalk paradigmas in kinders dat die manier om te vorder in die lewe is om 'akademies goed te doen' nie, al beteken dit dat jy slegs die vaardigheid het om toetse goed te slaag?

Vrae wat ons onself moet vra – voel ons dat ons tuisskool 'n ekperiment is, of het ons vrede oor die opvoeding pad wat ons gekies het vir ons kinders? Hoe evalueer ons, ons kinders se vordering t.o.v onderrig en wat ons belangrik ag in die lewe?

Sommige ouers wat die besluit geneem het om te tuisskool het agterna gestel hoe hulle gemeet het hoeveel **tyd gemors is** wanneer hulle kinders in die skool was. Dit sluit in nie net die oggend ure nie, maar ook die menige ure spandeer om te probeer vasstel wat die skool van kinders verwag om in die huiswerk of projekte te doen, die bywoon van skool vergaderings, funksies en skoolverwante verpligtinge. Hierdie dinge het nie waarde toegevoeg tot die kind se opvoeding of die ouers se betrokkenheid by die skool nie, maar dit was deel van in die sisteem funksioneer.

Vrae wat ons onself moet vra – mors ons tyd op onnodige verpligtinge wat nie waarde toevoeg tot ons eie of ons kinders se opvoeding nie ?

Terwyl hierdie lys nie alles insluit nie, is dit 'n beginpunt om jou visie en doelwitte vir jou eie huis te bedink. Hoop ook dat hierdie artikel sal help om ons eie doelstellings vir tuisonderrig te herdink sodat ons nie soortgelyke foute maak soos waargeneem deur ouers met die publieke skool ervaringe van hulle kinders nie.